
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

APPROVED

S.S. Mgenge (Umalusi Moderator)
7 May 2024

APPROVED

A. Bhayat (Internal Moderator)
7 May 2024

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C√ | (1) |
| | 1.1.2 | B√ | (1) |
| | 1.1.3 | A√ | (1) |
| | 1.1.4 | B√ | (1) |
| | 1.1.5 | A√ | (1) |
| | 1.1.6 | D√ | (1) |
| | 1.1.7 | C√ | (1) |
| | 1.1.8 | A√ | (1) |
| | 1.1.9 | B√ | (1) |
| | 1.1.10 | C√ | (1) |
| | | | **(10)** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Mahayana Boeddhisme√ | (1) |
| | 1.2.2 | Konstantyn√ | (1) |
| | 1.2.3 | Eksklusivis√ | (1) |
| | 1.2.4 | Judaïsme√ | (1) |
| | 1.2.5 | Sjinto√ | (1) |
| | 1.2.6 | Ateïs√ | (1) |
| | | | **(6)** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3. | 1.3.1 | H√ | (1) |
| | 1.3.2 | F√ | (1) |
| | 1.3.3 | G√ | (1) |
| | 1.3.4 | B√ | (1) |
| | 1.3.5 | D√ | (1) |
| | 1.3.6 | C√ | (1) |
| | | | **(6)** |

1.4 1.4.1 Koning√
Die ander drie kan die mistieke dimensie of toestand van veranderde en vreedsame bewussyn of verstand bereik/Die ander drie is godsdienstige figure. √ (2)

1.4.2 Halakhah√
Die ander drie is heilige tekste van Hindoeïsme. √ (2)

1.4.3 Brahmo Samaj√
Die ander drie is stigters van verskillende godsdienste. √ (2)

SSM

1.4.4 Metodistekerk√
Die ander drie is voorbeelde van die Onafhanklike Afrika-kerke/Afrika-geïnisieerde Kerke. √ (2)

1.4.5 Bahá'i-geloof√
Die ander drie is Abrahamitiese godsdienste. √ (2)

(5 x 2) **(10)**



SA EXAM PAPERS
DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 1.5.1 Onwaar√
Tripitaka is die heilige bron vir die Boeddhistiese godsdiens. √ OF 'n Mantra is 'n kort, heilige vers/frase wat herhaaldelik in gebed of meditasie gebruik word.√ (2)

1.5.2 Onwaar√
'Sutta' in Boeddhisme verwys na die woorde van die Boeddha.√ OF 'Kosjer' is dit wat in die Joodse godsdiens toelaatbaar is.√ (2)

1.5.3 Onwaar√
Vir die Afrika Tradisionele Godsdiens-gelowige bestaan die gemeenskap uit drie dimensies, naamlik die lewende mense, die lewende dooies en diegene wat nog gebore moet word. √ (2)

1.5.4 Onwaar√
Tawhid is die basis van alle godsdienstige kennis, geskiedenis, metafisika, estetika en etiek in Islam.√ (2)

1.5.5 Onwaar√
Hindoeïsme het 'n kastestelsel, terwyl Boeddhisme nie het nie. √ (2)
**(10)**

1.6 1.6.1
- Sy is die stigter van Icamagu Spiritual Development Centre. √
- Navorser oor Afrika Tradisionele Godsdiens. √
- Skrywer van baie boeke oor Afrika Tradisionele Godsdiens. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

1.6.2
- Die stigter van Taoïsme. √
- Hy is met grys hare gebore. √
- Hy het die *Tao Te Ching* geskryf. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

1.6.3
- 'n Storie wat 'n algemene waarheid vertel. √
- Dit is 'n versameling van generasies van wysheid. √
- Versameling morele uitsprake en raad wat 'n boek van kanonieke Joodse en Christelike Heilige Geskrifte vorm. √
- Dit is 'n boek in the Bybel/ Ou Testament.
- Dit was deur Koning Salomo geskryf. (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

SSM

1.6.4
- 'n Geestelike dissipline wat asembeheer insluit. √
- Eenvoudige meditasie en spesifieke liggaamshoudings. √
- Het uit Hindoeïsme ontstaan. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

**(8)**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

...ENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINES
PUBLIC EXAMINATIONS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Die ritueel van daaglikse gebed wat vyf keer in die Islamitiese godsdiens gedoen word
- Een van die vyf pilare van geloof in die Islamitiese godsdiens
- Vanaf puberteit moet elke Moslem man en vrou bid.
- Die Salaat word in Arabies gedoen en spesifieke bewegings en liggaamshoudings moet gedoen word. (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINES

2.1.2
- Eenheid verwys na daardie faktore wat lei na die deel van 'n gemeenskaplike identiteit.
- Dit verwys na harmonie en eensgesindheid wat tussen godsdienste bestaan.
- Dit kan ook verwys na die erkenning van gemeenskaplike grond tussen verskillende geloofsgroepe. (4)

2.1.3
- Geloof dat daar van mense verwag word om sonder enige twyfel te aanvaar.
- Dit beteken 'n beginsel, leerstelling of stelsel van oortuigings, wat spesifiek deur 'n godsdiens se kollektiewe godsdienstige gesag neergelê is. (4)

2.2 2.2.1
- Die gemeenskaplike leefwyse staan sentraal.
- Straf en beloning is hier en nou.
- Hulle glo in die konsep van Ubuntu. (4)

2.2.2
- Hulle glo dat hulle die uitverkore nasie vir God is.
- Hulle glo dat Jerusalem die hoofstad van die wêreld sal wees.
- Hulle glo dat Israel hulle land is wat deur God gegee is. (4)

2.3 2.3.1
- Regressie is om jou na 'n vorige en minder gevorderde toestand te wend.
- Evolusie is 'n proses van ontwikkeling of groei/progressie na 'n hoër stadium/fase. (4)

2.3.2
- Bodhisattva in Boeddhisme is iemand wat tot diens van verligting van ander is, wat hulle help om vry te wees van die siklus van geboorte en wedergeboorte.
- Boeddha beteken 'verligte een' in Boeddhisme. (4)

2.3.3
- 'n Beskrywende stelling is 'n stelling wat deur waarneming as waar of onwaar bewys kan word.
- 'n Normatiewe stelling bevestig hoe dinge behoort te wees. (4)

2.4 2.4.1
- Dit help lede/lidmate om te identifiseer wie aan 'n bepaalde godsdiens behoort en wie nie.
- Dit help lede/lidmate om te verduidelik hoekom hulle daardie godsdiens gekies het.
- Dit verskaf redes aan gelowiges waarom hulle godsdiens die beste is. (4)

SSM



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.2
- Daar sou geen eenheid onder lede wees nie.
- Daar is geen identiteit van 'n godsdiens nie.
- Mense kan baie makliker mislei word. (4)

2.5
- Gelykenisse word as 'n kragtige onderrigmiddel gebruik.
- Hulle voorsien ons van 'n ryk bron van wysheid.
- Dit bevat godsdienstige oortuigings, idees, sedes en waarskuwings.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (6)

2.6 2.6.1
- Westerse siening: Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om mense toe te laat om van een godsdiens na 'n ander te bekeer.
- Vryheid om 'n godsdiens van jou keuse te volg. (2)

2.6.2
- Oosterse siening: Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om mense toe te laat om die beste uit 'n verskeidenheid verskillende bronne te neem en dit terselfdertyd toe te pas.
- Vryheid om meer as een godsdiens te beoefen. (2)

**[50]**

SSM

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Volgens sommige godsdienste verwys 'oordeelsdag' na die laaste dag van die heelal. (2)
- Dit verwys na die katastrofiese verwoesting van die samelewing.
- Dit verwys na die Oordeelsdag.

3.1.2
- Verhongering
- Verwurging
- Verstikking
- Beserings deur 'n stomp voorwerp (4)

3.1.3
- Godsdienstige mense glo in bonatuurlike krag. Daarom kan hulle maklik slagoffers word.
- Dit is moeilik om tussen godsdiens en kultus te onderskei omdat albei in bonatuurlike krag glo.
- Die meeste godsdienstige gemeenskappe maak staat op hulle godsdienstige leiers vir hulle geestelike leiding, daarom word hulle kwesbaar vir kultusse. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

3.1.4
- Kultusse het 'n paar ongewone praktyke wat teen moraliteit en etiek is.
- Godsdiens bevorder goeie sedes en het gevestigde etiek. Dit word algemeen aanvaar. (4)
- Manupilasie, intimidasie en isolasie vorm deel van 'n kultus se werking.
- 'n Religie se leringe is oop vir bespreking en interpretasie.
- Daar is soms bisarre, heidense rituele in 'n kultus.
- Godsdienstige rituele is gebaseer op goeie godsdienstige leringe.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINES
PUBLIC EXAMINATIONS

3.1.5
- Hulle wil rykdom hê.
- Hulle wil roem hê.
- Hulle is nie getroue dienaars van die lewende God nie.
- Hulle kompeteer met mekaar. (8)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

3.1.6
- Mense wat hierdie artikel lees, sal nie in die bonatuurlike krag van God glo nie.
- Mense sal ontmoedig word om kerk toe te gaan.
- Hulle sal versigtiger wees vir afwykende leiers.
- Pastore sal mag, respek en waardigheid in die gemeenskap verloor.
- Die jong generasie sal hulle nie met godsdiens wil assosieer nie.
- Mense sal meer krities raak. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

3.1.7 **JA**
- Hulle het hulle lewens opgeoffer om Jesus te sien.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Hulle het ter wille van Jesus elke instruksie van hul pastoor gevolg.
- Hulle het geglo dat hulle pastoor 'n ware dienaar van Christus was. (8)
- Hulle het baie lyding ter wille van hulle godsdiens verduur.

3.2
- Dit weerhou mense daarvan om onafhanklike denkers te wees.
- Mense kan ateïste raak as gevolg van die invloed van beriggewing wat bevooroordeeld is.
- Joernaliste se beriggewing weerspieël eenvoudig hulle eie vooroordele.
- Joernaliste beskik dikwels nie oor spesialiskennis van godsdienste nie, en interpreteer inligting dus dikwels verkeerd.
- Die media floreer op sensasie. Hulle sal dus hoofsaaklik negatiewe berigte oor godsdiens publiseer.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

(8)
**[50]**

## VRAAG 4

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.1 4.1.1
- Afrika (2)

4.1.2
- Sufi-groepe
- Al-Shabaab (4)

4.1.3
- Sing
- Dans
- Meditasie (6)

4.1.4
- Dit is 'n intra-godsdienstige konflik omdat Sufi's en Al-Sjabaab beide Moslem is.
- Dit is 'n intergodsdienstige konflik omdat Al-Sjabaab kerke vernietig het. (4)

4.1.5
- Die Al-Sjabaab het hulle heiligdomme vernietig.
- Sufi-terreine en antieke grafte is vernietig.
- Sufi-geleerdes het gevoel dat daar teen hulle gediskrimineer word en hulle was oorweldig deur wat hulle as 'n godsdienstige identiteitskonflik beskou het. (6)

4.1.6
- Daar moet ontwapening van alle vegtende faksies wees.
- Hulle moet 'n regering van nasionale eenheid vorm, wat alle faksies van die samelewing insluit.
- Hulle moet 'n waarheids-en-versoeningskommissie stig sodat gruweldade van die verlede aan die lig gebring kan word.
- Diegene wat hulle politieke/godsdienstige misdade bely, moet amnestie kry.
- Die staat moet 'n sekulêre benadering volg en moet alle godsdiensgroepe gelyk beskerm.
- 'n Onafhanklike regbank moet gestig word.
- 'n Forum vir godsdiensleiers moet gestig word sodat alle

SSM



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



godsdienste met die regering kan kommunikeer. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

4.2
- Hulle moet onderhandelings tussen die faksies fasiliteer.
- Hulle moet met humanitêre organisasies werk.
- Hulle moet hulle aanbiddingplekke as skuilings vir vlugtelinge gebruik.
- Godsdiensleiers kan 'n intergodsdienstige beraad belê om die konflik te bespreek. Die dialoog moet tot praktiese stappe lei wat aan beide kante geneem kan word.
- Godsdiensleiers word steeds gerespekteer en kan as bemiddelaars tussen botsende partye optree.
- Godsdiensorganisasies kan hulle godsdiensoortuiging oor vrede in die wêreld en die heiligheid van die lewe gebruik om vreedsame gedrag te lei en 'n voorbeeld te wees.
- Hulle kan mense mobiliseer om vir die mense wat geraak word, te bid en hulle te ondersteun. (8)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

4.3 **VOORBEELD 1: BOEDDHISME**
- Boeddhistiese leringe is teen enige vorm van konflik.
- Boeddhisme leer dat verontregte partye daarna moet streef om die wortels van hulle lyding van binne af moet oorkom.
- Om by konflik betrokke te raak, is teen Boeddhistiese leerstellings van aanvaarding, deernis, nie-aggressie, ens.
- Konflik is teen die lei van 'n eerlike, goeie en pligsgetroue lewe in Boeddhisme.
- Die ses beginsels van Boeddhisme is om liefde en respek te skep, strewe na samehorigheid, geen dispuut nie, eensgesindheid en eenheid.
- Boeddhisme se goue reël is: kies jou vriende wys, en behandel die mense met wie jy in aanraking kom met deernis en sensitiwiteit vir hulle situasie. Dit sal die kanse op konflik verminder.

SSM

2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINES

**VOORBEELD 2: BAHÁ'I**
- Universele vrede word deur Bahá'u'lláh verseker as 'n fundamentele volvoering van die godsdiens van God.
- Die Bahá'i glo in die eenheid van die Skepper en die eenheid van die mensdom.
- Hulle glo ook dat die Aarde een land is vir die hele mensdom om in harmonie te leef.
- Bahá'u'lláh sê: 'Moenie met enigiemand stry nie, en vermy elke vorm van dispuut.'
- 'As daar enige verskille tussen julle opduik, sien my waar Ek voor julle aangesig staan en die foute van mekaar oorsien ter wille van my Naam en as 'n teken van julle liefde vir my Manifes.'
- Dit beteken dat soos God ons foute oorsien deur Sy liefde vir ons, ons diegene moet vergewe wat teen ons oortree. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5**

5.1 5.1.1
- Human Rights Watch
- Human Rights Institute by die San Jose State University (4)

5.1.2
- Ghazni-provinsie (2)

5.1.3
- Afghanistan is nou 'n Islamitiese staat.
- Hulle wil ontslae raak van die Amerikaanse ideologie en filosofie in Afghanistan. (4)

5.1.4
- Mans en vroue het aparte geriewe.
- Daar is geen vermenging van mans en vroue nie. (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.**

5.1.5 **Voordele**
- Aan mans en vroue wat dieselfde beroep binne firmas het, word dieselfde spesifieke pos toegeken.
- Daar is minder waarskynlikheid van buite-egtelike verhoudings.
- Werksetiek sal verbeter omdat daar minder afleiding is.

**Nadele**
- Geslagsskeiding versterk seksuele stereotipes.
- Negatiewe stereotipes kan sodoende versterk word. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATIONS

5.1.6
- Hulle het geen toegang tot sekondêre en hoër onderwys nie.
- Hulle moet godsdienstige kurrikulums volg.
- Hulle kleredrag word streng afgedwing.
- Daar is streng reisregulasies vir vroue. (6)

**LET WEL: ENIGE DRIE van bostaande moet gekrediteer word.**

5.1.7 **NEE**
- Die verslag is op bevindinge van twee onafhanklike organisasies gebaseer.
- Die verslag is op werklike feite gebaseer.

**JA**
- Dit is anti-Taliban, wat die Amerikaanse weermag verslaan het.
- Navorsers het Westerse ideologie gebruik om Islamitiese waardes te beoordeel. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.2
- Tydens die opening van die Parlement deel verskillende gelowe dieselfde platform wanneer hulle bid.
- Verskillende godsdienste bestaan saam en almal is vry om enige plek te aanbid, ongeag ras, kleur of taal.
- Daar is vryheid van godsdiensbeoefening en gewete in openbare skole.
- Religiestudies as 'n vak dek verskillende godsdienstige tradisies, in plaas van 'n enkele geloofsonderrig.
- Godsdiensdrag word op spesiale godsdienstige vakansiedae toegelaat.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

SSM



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3
- Sedes is persoonlike waardes van reg of verkeerd wat in jou wese bestaan.
- Etiek is standaarde van goed of sleg wat in 'n sekere gemeenskap of beroep aanvaar word. (4)

5.4 **VOORBEELD 1: HINDOEÏSME**
- Die deug van nie-beskadiging (ahimsa) is die grootste deug in Hindoe-etiek.
- Hindoes beskou ahimsa as nie-geweld, eerlike deernis en ware liefde.
- Ander belangrike etiese beginsels is nie-gehegtheid (vairagya) en waarheidsliefde.
- Sotya, waarheid en nie-valsheid, is 'n belangrike lering by Hindoes.
- Asteya, nie-steel, word sterk aanbeveel.

**VOORBEELD 2: JUDAÏSME**
- Liefdevolle welwillendheid is die kern- etiese deug in Judaïsme.
- Morele wette en etiek is van die Tien Gebooie afgelei.
- Morele beginsels sluit geregtigheid, genesing van die wêreld, liefdadigheid en welwillendheid teenoor ander in.
- Die versorging van weduwees en weeskinders is die sleutel in Joodse gemeenskappe.
- In Judaïsme is gasvryheid die kernwaarde. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**
**Drie x 2 punte moet toegeken word vir die benoeming van enige DRIE relevante lering.**
**Die oorblywende vier punte word toegeken vir die bespreking van enige twee leringe.**

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

SSM

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



SA EXAM PAPERS